# 1 Samuel 16:1-13




Kom ons gesels oor
die storie...


Moses


Rigters


Rut

**Die geslagsregister van Peres tot by Dawid**

18Hier is nou die geslagsregister van Peres: Peres was die vader
van Gesron, 19Gesron van Ram, Ram van
Amminadab, 20Amminadab van Nagson, Nagson van
Salmon, 21Salmon van Boas, Boas van Obed, 22Obed van Isai,
en Isai was die vader van Dawid.


Hannah

En Hanna het gebid:
“Ek jubel in die Here,
ek is sterk in die Here.
Ek lag my vyande uit,
ek is bly oor die uitkoms wat U gegee het.
2Daar is geen heilige soos die Here nie,
buiten U is daar nie een nie,
daar is geen rots soos ons God nie.
3“Julle moenie in hoogmoed bly praat nie,
moenie aanmatigende dinge sê nie,
want die Here is 'n God van diepe kennis,
dade word deur Hom getoets.
4“Die boog van die magtiges is verbreek,
dié wat gestruikel het, het nuwe krag gekry.

4“Die boog van die magtiges is verbreek,
dié wat gestruikel het, het nuwe krag gekry.
5Wie versadig was, moet hulle nou vir brood verhuur,
wie honger was, het oorgenoeg om te eet.
Die onvrugbare bring sewe in die wêreld,
die een met baie kinders kwyn weg.
6“Die Here maak dood en Hy maak lewend,
Hy laat afdaal na die doderyk toe
en Hy laat daaruit opkom.
7Die Here maak arm en Hy maak ryk,
Hy verneder, ook gee Hy aansien.

8Hy laat die geringes uit die stof opstaan,
Hy hef die armes op van die ashoop af
om hulle by vername mense te laat sit;
Hy skenk hulle 'n ereplek.
Aan die Here behoort die pilare van die aarde;
Hy het die aarde daarop gegrondves.
9“Hy beskerm sy troue dienaars op hulle pad,
maar die goddeloses word stil gemaak in die duisternis van
die graf.'n Mens oorwin nie deur eie krag nie!
10Dié wat teen die Here in opstand kom, word vernietig,
van bo uit die hemel verbrysel Hy hulle.
Die Here spreek reg tot by die eindes van die aarde,
Hy verleen krag aan sy koning,
Hy gee sterkte aan sy gesalfde.”


Samuel


Saul


Dawid...

1Die Here het vir Samuel gesê: “Hoe lank gaan jy nog oor Saul
treur nadat Ek hom as koning oor Israel verwerp het? Maak 'n
horing vol olie en gaan na Betlehem toe! Ek stuur jou na Isai toe,
want onder sy seuns sien Ek vir My 'n koning.”
2Samuel vra toe: “Hoe kan ek gaan? As Saul dit hoor, sal hy my
doodmaak.”
En die Here sê vir hom: “Neem 'n vers saam en sê: ‘Ek het
gekom om vir die Here 'n offer te bring.’ 3Nooi dan vir Isai na
die offer toe. Ek sal jou meedeel wat jy moet doen. Salf vir My
dié een wat Ek jou sal beveel.”

4Samuel het gedoen wat die Here gesê het. By sy aankoms in
Betlehem het die leiers van die stad hom ontsteld tegemoet
gekom en gesê: "Kom u in vrede?"
5En hy het gesê: "Ja. Ek het gekom om vir die Here 'n offer te
bring. Reinig julle en kom saam met my na die offer toe."
Hyself het vir Isai en sy seuns gereinig en hulle na die offer toe
genooi. 6Toe hulle inkom, het Samuel vir Eliab gesien en
gedink: die gesalfde van die Here staan hier voor die Here.
7Maar Hy sê vir Samuel: "Moenie na sy voorkoms of sy
buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie.
Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens
kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike."

8Toe roep Isai vir Abinadab en laat hom voor Samuel verbygaan
en hy dink: die Here het ook hierdie een nie gekies nie. 9Daarna
het Isai vir Samma laat verbygaan, maar Samuel het gedink: die
Here het ook hierdie een nie gekies nie. 10Nadat Isai sewe van
sy seuns voor Samuel laat verbygaan het, sê Samuel vir Isai:
“Die Here het nie een van hulle gekies nie.”
11Daarop het Samuel vir Isai gevra: “Is dit al jou seuns dié?” En
hy het geantwoord<u>: “Die jongste is nog oor, maar hy pas nou</u>
<u>skape op.”</u>
Toe sê Samuel vir Isai: “Laat haal hom, want ons eet nie voordat
hy hier is nie

12Isai het hom laat haal. Hy het 'n rooi gelaatskleur gehad,
mooi oë en 'n goeie voorkoms.
Toe sê die Here: “Staan op, salf hom, want dis hý.”
13Samuel het die horing met olie gevat en hom voor sy broers
gesalf. Die Gees van die Here het van daardie dag af kragtig in
Dawid gewerk. Daarna het Samuel klaargemaak en na Rama
toe teruggegaan.


Maria


Kom ons stop
hier vir nou


46En Maria het gesê:
“Ek besing die grootheid van die Here,
47ek juig oor God, my Verlosser,
48omdat Hy na my
in my geringheid omgesien het.
Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem,
49omdat Hy wat magtig is,
groot dinge aan my gedoen het.
Heilig is sy Naam!
50Hy bewys ontferming
van geslag tot geslag
aan dié wat Hom eer.

51Kragtige dade het Hy met sy arm verrig:
hoogmoediges in hulle eiewaan
het Hy uitmekaargejaag;
52maghebbers het Hy van trone afgeruk en geringes verhoog;
53behoeftiges het Hy oorlaai met goeie gawes
en rykes met leë hande weggestuur.
54Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom
deur te dink aan sy beloftes van ontferming
55soos Hy dit toegesê het aan ons voorvaders,
aan Abraham en sy nageslag
tot in ewigheid.”


Kollekte

# Gebed




LIED 528
Leer my U Wil Heer

Leer my U wil Heer, U doel met my
U, Pottebakker, met my die klei
Vorm my en maak my volgens U wil
Op U vertrou ek, nederig stil

**Leer my U wil Heer, U plan vir my**
**my**
**Laat ek nie doelloos, nutteloos bly**
**Hou my erkentelik, Heer, in U werk**
**As ek dan swak is, maak u my sterk**

U is die Koning, Almagtige God
Ja ek gee oor Heer, oor aan U wil
U is die Koning, Almagtige God
Ja ek gee oor Heer, oor aan U wil

U gee u gawes, net soos U wil.
Almal is diensbaar, elk met verskil
Vul met U Gees my, breekbare kruik
Dat U my oral nuttig gebruik

U is die Koning, Almagtige God
Ja ek gee oor Heer, oor aan U wil
U is die Koning, Almagtige God
Ja ek gee oor Heer, oor aan U wil

Leer my U wil Heer, U doel met my
U, Pottebakker, met my die klei
Vorm my en maak my volgens U wil
Op U vertrou ek, nederig stil


Wegsending

# 1 Samuel 16:1-13

